Mediaverklaring

22 September 2020

Opmerking deur Minister Bheki Cele onvanpas!

Die opmerking 'Who do you think you are?' deur Minister Bheki Cele, minister van polisie, teenoor Roland Collyer, 'n boer van Normandien in KwaZulu-Natal, is neerhalend en onvanpas. Daar is geen regverdiging vir woede-uitbarstings óf neerhalende uitsprake deur dié minister nie. Wat veronderstel was om 'n konstruktiewe gesprek tussen die landbougemeenskap en die Minister van Polisie te wees, het nou in 'n publieke uitval ontaard.

Dit is die regering se plig is om sy burgers te beskerm en dit is die reg van enige burger om met die regering hieroor in gesprek te tree. Regeringsamptenare moet die nodige eerbied handhaaf en ten alle tye toon empatie. Indien hulle daarin faal is dit teenstrydig met die Grondwet.

Hierdie tipe woede-uitbarstings het tot gevolg dat die positiewe gesindheid teenoor landbouers en werkers deur die owerheid van die dag belemmer word.

Dit is waarom Agri SA hierdie insident gaan opneem met President Ramaphosa sodat hy kan toetree deur die saak te ondersoek en oplossings help vind vir konstruktiewe samewerking en eensgesindheid. Die veralgemening van enkele insident kan nie as die norm voorgehou word nie, maar is eerder die uitsondering op die reël.

"Agri SA het hom nog altyd beywer om deel te wees van die oplossing en die nodige ondersteuning te lewer rakende probleme wat ons ervaar met landelike veiligheid", sê Tommie Esterhuyse, voorsitter van Agri SA se sentrum van uitnemendheid oor landelike veiligheid.

Hy gaan voort deur op te merk "Dit is jammer dat landelike veiligheid tydens 'n imbizo in 'n politieke debat ontaard het en nie die nodige aandag verdien het wat noodsaaklik is nie".

Dit is die Minister van Polisie en Suid-Afrikaans Polisiediens (SAPD) se plig om sonder vrees en guns aan hul taak aan uitvoering te gee en die nodige geduld en takt aan die dag te lê om oplossings vir die misdaad probleme in die land in samewerking met alle wetsgehoorsame landsburgers te vind. Die pligte word in ons Grondwet uiteengesit.

Dis die hoeksteen van ons demokrasie en verskans die regte van alle mense in ons land. Agri SA bly daarom verbind om saam met die Minister om 'n kultuur van wedersydse respek en samewerking te help vestig en te bevorder. Dit is in ons almal se belang dat misdaad van watter aard saam beveg word - nou meer as ooit van te vore.

Navrae:
Tommie Esterhuyse
Voorsitter van Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid
(S) 082 782 0668

Christo van der Rheede
Agri SA Uitvoerende Direkteur
(S) 083 380 3492